



Ekonomiese Bestuurswetenskappe

Week 5

Graad 7

Persoonlike staat van Netto Waarde

Ons kan 'n persoon se rykdom bereken, as ons weet wat die waarde van al sy of haar besittings is en hoeveel geld hulle aan ander persone of sakeondernemings skuld. Hierdie verskuldigde bedrag word hulle skuld genoem. Jy trek eenvoudig die skuld van die besittings af. Dit word ook Netto Waarde genoem.

Die rekeningkundige term vir besittings is **BATES** en die term vir skuld is **LASTE**. Dit kan dus as 'n som aangedui word:

$$\text{BATES} - \text{LASTE} = \text{NETTO WAARDE}$$

Kyk ook na die volgende voorbeeld:

Voorbeeld 1

Mnr. B. Lotter woon in 'n huis ter waarde van R320 000. Sy motor is R50 000 werd. Sy meubels is R32 500 werd en hy het R3 000 in sy **lopende bankrekening**. Sy klere en skoene is R18 000 werd. Hy het 'n lening (**huisverband**) op die huis vir R225 000 en rekening by Edgars en Woolworths. Hy skuld Edgars R3 750 en Woolworths R2 600.

Stap 1: Bereken die totale **besittings/bates**:

Huis: R320 000 + motor: R50 000 + meubels: R32 500 + geld in die bank: R3 000 + klere en skoene: R18 000 = totaal besittings/bates: R423 500

Stap 2: Bereken die totale bedrag wat aan ander geskuld word (**laste**):

Huislening: R225 000 + Edgars-rekening: R3 750 + Woolworths-rekening: R2 600 = totale skuld/laste: R231 350

Stap 3: Trek totale skuld (Stap 2) van totale besittings (Stap 1) af

Totale besittings/bates:	R423 500
minus totale skuld/laste:	(R231 350)
= netto waarde:	<u>R192 150</u>

Aktiwiteit 3 Bl. 68

- 1.) Ons gaan nou jou eie persoonlike netto waarde bereken. Maak 'n lys van alles wat jy besit (BATES). Dit sluit als in : Dit wat jy met jou eie geld gekoop het, as geskenke gekry het of wat iemand vir jou gekoop het. Dit is dus als wat jy sien as JOUNE. Selfs 'n troeteldier!
Skryf als neer onder groepe met die bedrag langsaa bv.
- | | |
|------------|-------|
| Klere | R2000 |
| Skoene | R 800 |
| Tegnologie | R3500 |
- 2.) Maak nou ook 'n lys van als wat jy aan mense skuld. Nou die meerderheid van julle gaan nie eintlik skuld hê nie, tensy jy by die snoepie iets op skuld gekoop het. Kom ons maak dit interessant : Jou skuld sluit nou als in wat jy in jou lewe gebreek het soos : vensters, glase, borde en PS4 “controllers”! Jy hoef dit dalk nie regtig terug te betaal nie, maar kom ons sien dit as skuld net vir die aktiwiteit.
- 3.) Jy gaan moet rofweg skat wat die waarde van al die items in jou lys is. Dit is onmoontlik om die presies bedrae te weet. Tel die twee lyste se items als bymekaar en doen die volgende som: Bates – Laste = Persoonlike Netto Waarde